# WEEK 7 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

## SINODENUUS:

### Bedieningsbegeleiding




**Sentrums 2020 - Predikante Begeleiding:** Daar word weer vier geleenthede tydens 2020 by Menuha aangebied. Tydens hierdie Sentrums word agt gedragsbekwaamhede van predikante ontwikkel deur gebruik te maak van rolspelle en twee meetinstrumente. **Dit is noodsaaklik dat belangstellendes vooraf vir hierdie Sentrums sal bespreek** - vind al die **inligting met kontakbesonderhede** deur op die **biljet links te klik** vir 'n groter weergawe.

## GEMEENTENUUS:

### NG Rietfontein, Winburg bied 'n kompetisie aan wat as 'n fondsinsameling sal dien:




## Opleidingsgeleenthede

### Nuwe 40-dae veldtogte vir klein-, sel-, omgee- of Bybelstudiegroepe in 2020:




**6 Weke in Jesus se voetspore…** Jesus roep ons om in sy voetspore te volg (1 Petrus 2:21). Hierdie nuwe handleiding vir kleingroepe volg in die diep spore van die Here en fokus spesifiek op Jesus se geestelike gewoontes.

**Onthou ook!** Die Nuwe 2020 Direkte Vertaling van die Bybel word in die 40-dae veldtog vir die 3de kwartaal met die tema, *God se asem tussen bladsye*, gebruik, waarna dit vrygestel word.

Vir meer inligting klik asseblief hier - vir navrae kan ds Jurgens de Jager op 079 292 9545, of by dsjurgens@ngwitrivier.co.za gekontak word.




## *Save the date!* - Lentekonferensie 2020:

Die Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling, bied weer hulle gewilde Lentekonferensie aan **vanaf 14 tot 17 September 2020**. Die tema van hierdie konferensie is, ***'n Roetekaart: van wond tot verwondering.*** Hou gerus hulle **webblad** dop vir verdere inligting.